Suid-Kaap Oumotorklub | Southern Cape Old Motor Club

# NUUSBRIEF | NEWSLETTER

# SPANNER

MARCH 2023

## GEORGE OLD CAR SHOW



Suid-Kaap Oumotorklub / Southern Cape Old Car Club

Founded 3rd June 1988

GEORGE OLD CAR SHOW

P.O. Box 1749, George
Western Cape, 6530

Email info@scocc.co.za
Website www.scocc.co.za

# Suid-Kaap Oumotorklub | Southern Cape Old Car Club

## 2023 SCOCC CLUB OFFICIALS

**OFFICIALS CLUB PATRON**

| | | |
|---|---|---|
| Roelf Vermeulen Snr | 083 226 7219 | clubpatron@scocc.co.za |

**PRESIDENT**

| | | |
|---|---|---|
| Chris van Staden | 082 491 4780 | president@scocc.co.za |

## 2023 SCOCC COMMITTEE

**CHAIRMAN**

| | | |
|---|---|---|
| Waldo Scribante | 082 802 3280 | chairman@scocc.co.za |

**VICE CHAIRMAN**

| | | |
|---|---|---|
| Philip Kuschke | 082 856 5153 | vice.chairman@scocc.co.za |

**TREASURER**

| | | |
|---|---|---|
| Chris van Staden | 082 491 5254 | finance@scocc.co.za |

**SECRETARY**

| | | |
|---|---|---|
| Rensche Kühn | 082 410 0399 | secretary@scocc.co.za |

**EVENTS**

| | | |
|---|---|---|
| Chris Kühn | 082 779 0451 | events@scocc.co.za |

**SAVVA & DATING**

| | | |
|---|---|---|
| Naas van Zyl | 082 673 2822 | savva@scocc.co.za |

**SPANNER**

| | | |
|---|---|---|
| Deon Erasmus | 082 376 4615 | spanner@scocc.co.za |

**YOUTH ENTHUSIASTS**

| | | |
|---|---|---|
| Kobus Mostert | 082 325 0989 | youth@scocc.co.za |

**The opinions expressed in Spanner do not necessarily reflect the views of the SCOCC club committee, the editor, club members and/or officers of SAVVA or advertisers in this magazine.**

P.O. Box 1749, George
Western Cape, 6530

Email info@scocc.co.za
Website www.scocc.co.za

# Suid-Kaap Oumotorklub | Southern Cape Old Car Club

## 2023 SCOCC COUNTRY REPRESENTATIVES

| | | |
|---|---|---|
| **MOSSEL BAY** | | |
| Kobus Harris | 082 453 1497 | kobus@harris-scheltema.co.za |
| **KNYSNA** | | |
| Manie Rademeyer | 082 661 9845 | wendy.r@telkomsa.net |
| **OUDTSHOORN** | | |
| Riaan van Rensburg | 082 895 5723 | mach1wp@gmail.com |
| **PRINCE ALBERT / KLAARSTROOM** | | |
| Jeremy Witts-Hewinson | 082 488 8370 | klaarstroom@telkomsa.net |
| **BEAUFORT WEST** | | |
| Riaan Brand | 083 284 7145 | riaan.duiker@gmail.com |

## 2023 SCOCC ADMINISTRATION

| | | |
|---|---|---|
| **MEMBERSHIP & INDEMNITIES** | | |
| Marlize Herholdt | 073 305 6214 | info@scocc.co.za |
| **REGALIA** | | |
| Tilly Olivier | 072 510 7836 | regalia@scocc.co.za |
| **EDITOR: SPANNER** | | |
| Deon Erasmus | 082 376 4615 | spanner@scocc.co.za |
| **WEBMASTER** | | |
| Melissa Bouwer | 079 092 2804 | webmaster@scocc.co.za |

## GEORGE OLD CAR SHOW

| | | |
|---|---|---|
| **CHAIRMAN** | | |
| Allewijn Dippenaar | 082 809 2441 | gocs@scocc.co.za |
| **MEDIA CO-ORDINATOR** | | |
| Mimi Finestone | 084 583 3144 | media@scocc.co.za |

# FROM THE CHAIRMAN

Dear SCOCC member

The dust has settled over Eden THS's showgrounds and it's time to pay tribute to the companies and individuals who joined forces to make the George Old Car Show 2023 an "***uno spettacolare motor show***" – one spectacular motor show.

On behalf of the Southern Old Car Club and the George Old Car Show 2023 team, I would like to express my sincere gratitude to all who contributed to the success of the event. Your support was invaluable and we could not have achieved such a resounding success without your help.

A special thanks to our Portfolio managers and all our volunteers who worked tirelessly the months ahead and during the sweltering show days. Your time and energy helped ensure that the event was a memorable experience for all visitors and participants. As Sherry Anderson once said, "Volunteers don't get paid - not because they're worthless, but because they're priceless." Your selfless contributions made a significant impact on the success of the show.

Much was learned during the course of this year's Old Car Show in terms of service providers and requirements of the visiting public. All feedback and suggestions have been noted and will be taken into account during the planning of future events.

Lastly, we look forward to many more decades of celebrating our fabulous old-car heritage and sharing this passion with generations to come. Winston Churchill once said, "We make a living by what we get, but we make a life by what we give." Your contributions to the George Old Car Show 2023 have indeed made a significant impact on the lives of those who attended the event.

Once again, thank you for your support, and we hope to see you again at future events.

Kind regards – ***cordiali saluti***

**Waldo Scribante**
**SCOCC: CHAIRMAN**


Southern Cape Old Car Club
2023
Waldo Scribante
Chairman
082 802 3280
chairman@scocc.co.za
www.scocc.co.za

# FROM THE GOCS COORDINATOR

**George  Ou Motorskou 2023 - Storie – Kameradie - Nalatingskap**

Dit is met nostalgie wat ek terugdink aan die 2023 Ou Motorskou. Oor 'n groot aantal jare het ek die skou bygewoon as 'n lid van die gewone publiek wat met groot bewondering na die voertuie kyk. Die laaste twee jaar het ek die voorreg gehad om deel te wees van die span wat die skou organiseer. Mens sou dus kon sê dat ek vir talle jare van buite af na binne gekyk het en oor die laaste twee jare van binne na buite.

Vandag skryf ek oor my ervaringe van die 2023 George Ou Motorskou deur van binne na buite te kyk. Die groot vraag is: "Waarom is die skou so belangrik"? Drie belangrike redes borrel vinnig na die oppervlak.

"Daar is 'n storie om te vertel. " Ek twyfel of daar 'n enkele voertuig uitgestal was, wat nie 'n storie het om te vertel. Selfs my 1971 Austin Apache vertel 'n storie. In 1974 het ek leer bestuur met 'n Austin Apache, min wetende dat ek 12 jaar later self een sou aanskaf met 'n skamele 9 723 km op die meter. Nou 36 jaar later is ek steeds die eienaar. Uitstallers aan die skou dra met trots hul stories oor aan mede uitstallers en publiek. Dikwels hoor mens vrae soos: "Hoe lank het jy al die motor?", "Wat het jou laat besluit om die motor te koop?", "Waar het jy die motor gekry?"en vele meer vrae. Die hartkamer van die skou is opgesluit in die antwoorde, die stories van uitstallers.

"Niks soos motor kameradie" Van heinde en verre kom die uitstallers, dit is soos 'n reunie. Almal groet mekaar, skud blad, maak 'n grappie en verneem hoe dit tuis gaan. Koppe word instemmend geknik met elke mededeling en soms word 'n traan weggevee as vertel word van oom so en so wat nie meer met ons is nie. Vir dae sit motorskou vrinne en gesels oor motors en menig ander belangrike en onbelangrike sake van die dag. Sondag groet almal half  traag maar met die wete, volgende jaar maak ons weer so. 'n Bond van vriendskap en kameradie is versterk, alles te danke aan die George Ou Motorskou. Motors, die goue draad wat deur die skou loop.

"n Bydra tot nalatingskap" Dit is nou dit, is die woorde wat na vore kom. Klas A voertuie, die Ancestor, gebou voor 31 Desember 1904, Klas B, die Veteran, gebou tussen Januarie 1905 en 31 Desember 1918 en die Klas C, Vintage , gebou tussen Januarie 1919 en 31 Desember 1930. Dan is daar natuurlik nog die Klas D,E en G wat die jare vul tussen 1931 en 1971 met besondere voertuie. Dit is 'n vergange era, dit kan nooit weer nie. Geen toevoeging van voertuige van daardie jare kan meer plaasvind nie. Elke voertuig van daardie era wat van die pad verdwyn, verdwyn vir die nageslag soos plantspesies wat uitgewis word. Uitstallers beskerm voertuie van 'n bepaalde era as nalatingskap vir menig ander om in die toekoms te kan waardeer, vir die nageslag.

Die George Ou Motorskou bring hulde aan elke motor uitstallers met voertuie voor 1971, maar ook aan elke uitstaller met voertuie daarna. Sonder die toewyding van elke motor uitstaller sal daar nie stories wees nie, geen motor kameradie en verseker geen nalatingskap. Maak solank gereed vir die 27ste George Ou Motorskou wat sal plaasvind 10 & 11 Februarie 2024. Hou die geskiedenis lewendig en bewaar dit vir die nageslag.

A Dippenaar

**Alewijn Dippenaar**
**CHAIRMAN: 2023 GEORGE OU MOTORSKOU KOÖRDINEERDER.**

# TORQUE FROM THE TREASURER

**ANNUAL MEMBERSHIP FEES FOR 2022-2023 FINANCIAL YEAR IS DUE ON 1 JULY 2022.**

**IF YOU HAVE NOT DONE SO PLEASE PAY AS SOON AS POSSIBLE AS ACCORDING THE SAVVA REGULATIONS, ONLY PAID-UP MEMBERS ARE ALLOWED TO PARTICIPATE IN CLUB EVENTS.**

**THE AMOUNT IS R200.00**

**SCOCC Banking Details**
Southern Cape Old Car Club
ABSA
George 632 005
Cheque account 890 167 551

**IF IN DOUBT CONTACT**
**CHRIS VAN STADEN**
082 491 5254


Southern Cape Old Car Club
2023
Chris van Staden
Treasurer
082 491 5254
treasurer@scocc.co.za
www.scocc.co.za


**New Membership Application**

## SPANNER ADVERTENSIE TARIEWE PER UITGAWE

| | |
|---|---|
| VOLKLEUR BLAD | R500 |
| HALFBLAD KLEUR | R300 |
| BESIGHEIDSKAARTJIE GROOTTE | R100 |

# NEW YEAR 2023
# STRAWBERRIES AND CHAMPAGNE AFFAIR

**1 JANUARY 2023** - The **Champagne & Strawberry affair** was a great way to start the new year. It's always lovely to come together with friends and family to celebrate and make new memories.

**Champagne and strawberries** are certainly a decadent and delightful combination, and it's great to hear that everyone had a good time indulging in them. It is wonderful that members of the **SCOCC** and **Mercedes-Benz Club of South Africa** were able to join in on the festivities.














Alfa Romeo
Giulia Super 1.6
CBS
52173










CAW 75526
HWH739 GP

# GOCS 2023
# GARDEN ROUTE MALL EXHIBIT






# SKOMK GEORGE OUMOTORSKOU 2023















CBS
1936
34
33
ICONIC
MOSSEL BAY


CY 83496


Classique Edge Racing
Ford


8


Mercedes-Benz




CA 962




LEXUS
EXPERIENCE AMAZING


GEORGE
OLD CAR
SHOW
ENJOY THE FEELING






GEORGE MULTI FRANCHISE
044 878 2844


JP Spares


NISSAN
DTM George | 044 874 5140




PEUGEOT


George | Knysna | Mossel Bay
RENAULT











**VIEW THE ALBUM**

flickr

# FROM THE GOCS MEDIA LIASON

**George (Garden Route) – February 2023** Hot, hot, HOT: George Old Car Show shows there's no cooling off in the love of automobiles

By 9am on Saturday morning, a crowd comprising thousands of engine enthusiasts had already gathered at Eden Technical High School to gain tickets to the 26th George Old Car Show (GOCS). Those who had already entered the showgrounds, had first dibs on the exquisite site of fields filled with four and two-wheeled participants in this year's show – the annual flagship event of the Southern Cape Old Car Club.

The temperatures, hitting the high 20s by first light and quickly gaining momentum during the morning, did little to keep show-goers at bay, and the brilliant sunlight over both show days on February 11 and 12 did much to show off all carefully restored and pampered machines on display.

Early tallies put the weekend's attendance at 12,500 souls, with 1,500 drivers having entered through the Carpe Diem School gates in a matter of hours on Saturday morning to park their rides and enjoy the spectacle. Thence, they ventured across the road to start salivating over everything on offer at the bristling showgrounds.

For the 17th time, this year's GOCS was preceded by the Vet Tour, participating drivers hailing from all over South Africa but also travelling from faraway shores such as the UK, Canada and Germany. These venerable old cars formed part of the display at the Eden showgrounds, which also featured modern fleets by an array of top marques, tractors and motorcycles of all ages and shapes.

Among the many stalls of food and drinks, bric-a-brac goodies and car-related products, GOCS sponsors featured in full regalia. This year's event was generously supported by premier partners WeBuyCars, and many other businesses are deserving of mention for roles played big and small, according to GOCS chairman Alewijn Dippenaar.

"Protea Hotel's fabulous tent on the main field provided shade and refreshments and a perfect vantage point to the parades that continued throughout both show days and that was perfectly MC'd by Herman Ungerer and Morne Pietersen. Divan de Kock's slick Herotel crew enabled live-streaming of events to Raceday TV with aplomb," adds Dippenaar.

He also thanks George Municipality, Coke, SAB, George Herald and Midas for their support in pulling this year's event together and doing what they do best in their various capacities, so making the weekend a roaring success.

"On behalf of the Southern Cape Old Car Club, I thank each visitor, partner and member of our support crews for helping us to promote our passion of preserving old cars – for the sheer enjoyment of generations to come."

**Press release on behalf of Southern Cape Old Car Club:**
**Interface by Goji - Mimi finestone | mimi@gojipr.net | +27 84 583 3144**

INTERFACE BY goji

# BONNETS UP

January 2023









CBS 1936




CAW 106401




CBS 13450


PORSCHE
MARTINI
19
MARTINI
CA 1971-WP


CBS 34233





# BONNETS UP

**26 March 2023**









CC9607


DODGE

UID-KAAP OUMOTORKLUB

# GLENTANA BRAAI















SOUTHERN CAPE OLD CAR CLUB
CBS 75832
CAW 57157
CAW 89021




Anglia
CBS 57568



# 2023 Kaapse Rondomtalie Toer

Philip Kuschke & Philip Rosse




Die George Oumotorskou word deur baie as een van die beste Oumotorskoue in die land gereken en trek entoesiaste van reg oor die land. Vele toere deur klubs word jaarliks in Februarie vanaf die uithoeke van die land beplan, met net een eindbestemming - die George Oumotorskou.

In 2005 het Harvey Medcalf van die Crankhandle Klub in Kaapstad so 'n toer met veteraan-voertuie na George gereël. 'n Paar van die SKOMK-manne met hul oumotors het die Kaapse manne die Vrydag voor die skou by Grootbrakriver ontmoet. Ons het as konvooi, onder verkeersbegeleiding – met skou-plakkate op die motors - George binne gery, om só bemarking te doen vir die George Oumotorskou.

Die gedagte het toe by die skrywer opgekom om 'n VETERAANTOER as 'n een-dag byeenkoms net vóór die George Oumotorskou te reël. In 2006 word die eerste VETTOER vanaf Prince Albert gereël. Die VETTOER begin dan die Donderdagaand voor die George Oumotorskou, wanneer deelnemers van oral oor arriveer. Die Vrydag word daar 'n roete van tussen 180 km tot 225 km gery, wat in George eindig.

Die Kalkbaaitoer – 'n herdenkingstoer van een van die eerste georganiseerde motorbyeenkomste in Suid-Afrika, vind tradisioneel die Sondag voor die George Oumotorskou plaas. Dus, die Kalkbaaitoer, die VETTOER en George Oumotorskou vind binne bestek van een week plaas.

Vir oumotor-entoesiaste wat van ver kom, is dit die ideale geleentheid om drie byeenkomste by te woon, wat die reiskoste van ver, regverdig.

In 2020 het ek en Phillip Rosser die Kalkbaaitoer bygewoon. Ons het ons T Fords per sleepwa na Kaapstad geneem. Peter Truter, lid van die Crankhandle Klub, het 'n terugrit vir die oumotors vanaf Kaapstad na George gereël. Die dilemma wat ek en Phillip Rosser gehad het, was om die logistiek van ons moderne voertuie met sleepwaens uit te sorteer – ons is nou in die T Fords en ons moderne voertuie én ons sleepwaens moes terug George toe.

In 2021 het COVID-19 se inperkinge steeds gegeld, en daar was geen skou nie.

Om in 2022 toe die logistieke nagmerrie van 2020 met die moderne voertuie te vermy, het Phillip Rosser met die idee gekom dat ons met die Model T Fords Kaapstad toe moet ry, die Kalkbaaitoer op Sondag doen, en dan die daaropvolgende Donderdagaand by die tradisionele VETTOER aansluit. Die Vrydag volg die VETTOER en Saterdag en Sondag dan die George Oumotorskou. Dit was dan die begin van die "Kaapse Rondomtalie Toer".

Dit is wonderlik dat drie klubs, naamlik die SKOMK, die Crankhandle Klub in Kaapstad en die Model T Ford Klub van Suid-Afrika, so nóu kan saamwerk om die Kaapse Rondomtalie Toer moontlik te maak. 'n Woord van dank aan die Suid-Kaap Oumotorklub vir die ondersteuning en hulp met die 2023-toer.

Dié toer is dan ook gebruik as deel van die **SKOMK** se bemarkingstrategie vir die **George Oumotorskou. Mimi Finestone** het tydens die afgelope twee Rondomtalie toere verskeie onderhoude met radiostasies en TV-kanale gereël wat tydens die toer met my onderhoude gevoer het, in 'n poging om die skou landwyd te bemark. Verskeie van die voertuie het tydens die rondomtalie toer skouplakkate opgehad as deel van die skou-bewusmakingstrategie.

# 2023 Kaapse Rondomtalie Toer

Philip Kuschke & Philip Rosse

VETTOER

**Dag 1. Die wegspring uit George**

Die groot dag het aangebreek, **Vrydag 3 Februarie 2023** – die begin van ons 1600 km rit na Kaapstad en terug na George. Die voertuie begin die tog in George: Philip en Rosita Kuschke in hulle 1915 Model T Ford, Phillip en Amanda Rosser met hulle 1926 Model T Ford en Hennie en Corné Marx van Bethlehem in hulle 1930 Model T Ford.

In Grootbrakrivier ontmoet ons die ander drie deelnemers: Ockert en Dienkie van der Berg in hulle 1915 Model T Ford bakkie, Kevin Casey in sy 1911 Model T Ford, asook Ali van Jaarsveld met haar 1907 Model S Ford. Dit was waarlik 'n groot verrassing toe vele SKOMK-lede ons daar kom afsien het. Dankie aan elkeen van julle wat ons kom afsien het!

By PetroSA ontmoet ons toe die laaste deelnemer van ons groep, Bill en Juliana Lance in hulle 1926 Model T Ford. Bill en Juliana is woonagtig in Benoni.

Bredasdorp was ons bestemming vir dag een.

Ons het om veiligheidsredes so ver moontlik die hoofpaaie probeer vermy, hoewel ons dit nie altyd kon regkry nie. Ons gemiddelde spoed was tussen 50 km en 55 km per uur - beslis nie geskik vir die hoofpaaie nie!

'n Welkome stop was op Heidelberg vir brandstof en ietsie te ete. Die motors, bestuurders en passasiers is nog vol energie en lewenslus.

Na 'n lang ent op die N2, draai ons net na Swellendam weg na Bredasdorp. In Bredasdorp ontmoet ons vir Gert Albertyn wat ons met sy Model A Ford kom groet het. Gert woon in Bredasdorp. Na 'n paar aankopies vir aandete, is ons oppad na die Rondeheuwel Gasteplaas, 10 km buite Bredasdorp. Die vreugdevure brand hoog, moeg maar tevrede na die eerste 320 km.

**Dag 2. Bredasdorp na die Crankhandle Klub in Kaapstad**

Vroeg Saterdagoggend vertrek ons vanaf die Rondeheuwel Gasteplaas na "Marietjie's Pub and Grill" in Baardskeerdersbos. Wees gewaarsku, bestel maar gerus hulle "klein" ontbyt. Die groot ontbyt is waarlik waar 'n GROOOT aptyt.

Ons het al langs die kus via Gansbaai, Stanford, Hermanus, Kleinmond en Gordonsbaai gery, waarna ons weer die N2 én die R300 se verkeer moes trotseer tot by die Crankhandle Klub in Wynberg, Kaapstad. Ons afstand vir dag twee vanaf Bredasdorp tot in Kaapstad was 265 kilometer.
Die Saterdagaand voor die Kalkbaairit op die Sondag, is tradisioneel 'n kuier-aand by die Crankhandle Klubhuis. Tydens hierdie geleentheid gee Derek Stuart-Findlay gewoonlik 'n baie interessante lesing oor spesifieke aspekte van ons motor-erfenis. Die lesing wat hy gegee het, het gehandel oor die eerste gedokumenteerde rit deur drie mans wat in 1905 per motor vanaf Kaapstad na Port Elizabeth, en met 'n ompad terug Kaapstad toe getoer het. Die kwaliteit van die foto's wat 117 jaar oud is, was ongelooflik duidelik.



# 2023 Kaapse Rondomtalie Toer

Philip Kuschke & Philip Rosse

VETTOER

**Dag 3. Die Kalkbaairit**

Deelname aan die Kalkbaairit word streng beperk tot veteraan voertuie, dit wil sê voertuie wat vervaardig is vóór 31 Desember 1918. Daarom kon Phillip Rosser, Hennie Marx en Bill Lance nie aan die toer deelneem nie, maar daar was tog 'n oplossing. Die Crankhandle Klub het vir lede wat nie aan die Kalkbaairit kan deelneem nie, 'n ontbyt-byeenkoms gereël. Die Dixie's Restaurant is op die roete waarlangs al die veteraan motors/motorfietse ry. Só kon die nie-deelnemers al die verbygaande voertuie bewonder. Die veteraan-groep het in Simonstad geëindig met 'n heerlike middagete.

Die afstand van hierdie roete was 100 km, maar Rosita en ek het ná middagete na Wellington vertrek waar ons Sondagaand oornag het. Die res van ons groepie, het in Kaapstad oornag. Die totale afstand vir ons daardie Sondag was 185 kilometer.

**Dag 4. Kaapstad/Wellington na Slanghoek**

Teen middagete Maandag 6 Februarie, het die groep weer by die Old Tannery in Wellington byeengekom. Hierdie is 'n pragtige plek om te besoek met al sy snuffel-winkels, eetplekkies en plaaslike brouery. Tans is een van die MTFKSA-lede besig om hier 'n klein Model T Ford Museum met 'n koffiekroeg te open.

Verskeie ander voertuie het intussen aangesluit, waaronder die 1911 Model T Ford van Eric Edwards van Kanada. Met groot opgewondenheid het die groep vertrek om die pragtige Bainskloofpas oor te steek – wat 'n wonderlike ervaring was dit nie! Ons het vir die volgende twee nagte by die Slanghoek Mountain Resort naby Rawsonville oornag.

**Die totale afstand van die dag was 90 kilometer.**

**Dag 5. Slanghoek en omgewing**

Dag 5 was 'n dag waarop ons self kon besluit waar ons wou toer. Ali van Jaarsveld, 'n wel-erkende kunstenares, beywer haar, in samewerking met die Painted Wolf Winery, om geld in te vorder vir bedreigde wildspesies. Ali in haar 1907 Model S Ford en ons groepie het haar vergesel na die Painted Wolf Winery. Ons is die Du Toitskloofpas oor, en wat 'n wonderlike gesig was dit nie gewees nie! Ná middagete is ons met dieselfde pad oor die Du Toitskloofpas, terug na Slanghoek.

**Die totale afstand vir die dag was 130 kilometer.**

**Dag 6. Slanghoek na Barrydale**

Die Kaapse Rondomtalie groep het nou baie mooi aangegroei, en verskeie manne van die Kaap wat ook die VETTOER sou doen, het aangesluit. Deelnemers oppad na George raak nou meer, o.a. Ryan Walker (1912 Rover Colonial) en Gert Albertyn (1930 Model A Ford), Leonard Schneider (1928 Hubmobile), Gavin Allison, Peter Truter (1930 Model A Ford) het by ons aangesluit.

Ons is met 'n agterpad om Rawsonville en agter verby Worcester, deur Ashton en daarna het ons by die R62 aangesluit, deur Montagu oppad na Barrydale. **'n Afstand van 165 kilometer was die totale kilometers vir die dag**.






Die middag het ons heerlik by die Karoo Art Hotel gekuier, waar al die voertuie geparkeer was. Byna die hele Barrydale was daar om die oumotors te bewonder.

**Dag 7. Barrydale na Klaarstroom**

Ons is nou oppad na Klaarstroom. Ons volg steeds die R62 oppad via Ladismith, Zoar en dan die rugbreker van 'n Huisrivierpas, Calitzdorp, Oudsthoorn na Klaarstroom.

Die Huisrivierpas was voorwaar 'n rugbreker vir ons ou voertuie - die opdraende het net aangehou en aangehou!

**Die totale afstand vir die dag was 235 kilometer.**

In Klaarstroom is ons hartlik ontvang deur een van ons klublede, Jeremy Witts-Hewitson. Dit het nogal meet en pas gekos om vir 50 persone slaapplek in Klaarstroom te kon kry!



# 2023 Kaapse Rondomtalie Toer

Philip Kuschke & Philip Rosse




Na 'n heerlike Karoo-vleisbraai en samesyn is al die deelnemers tevrede na hul onderskeie slaapplekkies in Klaarstroom. Die amptelike begin van ons sewentiende VETTOER wat trots ondersteun is deur Apprentice en die Scribs Benzeum, is nou onderweg.

**Dag 8. Klaarstroom via Uniondale na George**

Die laaste trek na George lê nog voor, 'n volle 220 km. Die roete neem ons deur die asemrowende Meiringspoort, waar baie van die deelnemers gestop het om die pragtige natuurskoon te bewonder. Die roete neem ons na Uniondale, oor die Potjiesbergpas oppad na George. Om die Outeniquapas oor te ry in jou afslaankap motor is altyd 'n hoogtepunt!

Honger maar baie tevrede, stop ons by die Apprentice Restaurant naby die lughawe vir 'n sprokie-middagete by ons borge. Hierdie restaurant is beslis 'n plek wat ons meer gereeld moet ondersteun.

Teen laatmiddag het al die deelnemers by die klubhuis ontmoet. Hier is die kuier voortgesit wat ons die vorige aand nie kon voltooi nie. 'n Woord van groot dank aan Waldo en René Scribante wat hierdie hoogtepunt moontlik gemaak het deur 'n heerlike spitbraai-ete vir alle deelnemers te borg. Hierdie geselligheid verleen baie aansien en waarde aan die VETTOER. Nogmaals baie dankie Waldo en René!

Alle eer aan ons HEER vir 'n 1600 km rit wat veilig afgeloop het; waar daar ware vriendskappe gesmee is; waar daar nuwe waardering vir die betroubaarheid van ons voertuie ontstaan het en waar ons die pragtige natuurskoon van ons land weer kon ervaar!



# 2023 VETTOER

René Scribante




Driving a 1913 Benz on the Southern Cape Old Car Club's Vettoer is an incredible experience! It is humbling to be behind the wheel of such a historic vehicle and to be among other veteran cars and their owners.

Meiringspoort is a beautiful location to take the car for a spin, and it's great to report that Waldo and I had a wonderful time.



# SCRIBS BENZEUM VETTOER SKAAPBRAAI 2023






















BILLABONG
INTL SURF CO.

















VIEW THE ALBUM

March 2023

# *Acting Chairman's Chatter*

Well here we are – almost a quarter of the way through the 2023 Year – with East- er just around the corner.

Arrangements for the 2023 Fragram Natal Classic to be held on 19 May 2023 are well under way – with Derek Pirie and his team of Organizer's working feverishly to ensure that all the preparations for and during the Event run smoothly. Our best wishes to Derek and the CMCN for another successful event.

The DJ Commemorative Rally – now in it's 53rd year – has come and gone, with lots of eager chatter amongst the various Competitor's about participating in next year's event. The Winners spoils this year went to Mike Ward – riding a Velocette, closely followed by Martin Kaiser in 2nd Position - on a Sunbeam, Gavin Walton in 3rd on his trusty AJS, with brother Kevin Walton in 4th on his BSA Sloper. Neville Smith was the oldest rider to participate in the DJ at 88 years old, riding a Rudge. Well done guy's – and to all the Finisher's – a fantastic achievement and a wonderful way to " Commemorate " those daring and brave men of yesteryear.

Planning has already commenced for the 36th Fairest Cape Tour – to be held at Goudini Spa near Worcester/Rawsonville in November. This will be preceded by the Crankhandle Club's Houw Hoek Run, followed almost immediately by the Veteran and Vintage Tour being hosted by the Model T ford Club of SA – based at the Middelplass Guest Farm in Paarl.

Yet another vibrant and active year ahead is forecast for all the Clubs – with Pietermaritzburg's Vintage Sports Car 'Club Cars in the Park' being planned, together with the massive Cars in the Park hosted by the POMC at Zwartkops, plus the Magnum Rally – etc. keeping the two and four wheels moving.

Best wishes to all for Easter. If driving, or riding, be vigilant, take care, and stay safe.

*Gavin R Allison*

GAVIN ALLISON
**Acting Chairman**



# Veteran, Vintage and Classic Collector's Insurance Scheme

## FOR THE MEMBERS OF THE SOUTHERN AFRICAN VETERAN AND VINTAGE ASSOCIATION

### CLASSIC INSURANCE WITH UNIQUE FEATURES

- Cover available for veteran, vintage, classic cars and motorcycles
- Variable competitive tarrif for all members
- All Classic Car Club activities
- Efficient service and claims turnaround
- Agreed values on total loss
- Territorial Limits - RSA and neighbouring territories
- Repatriation back to RSA following accident or mechanical/electrical breakdown
- Emergency repairs in and outside RSA
- Emergency assistance benefits including medical evacuation
- 24 Hour roadside assistance

* Terms and Conditions Apply

**Puma Insurance Brokers**
Solutions for Specialist Motor Insurance

Contact Chris Van Der Merwe
Tel 021 286 4388
Mobile 083 401 2813
Email puma@pumainsure.co.za
F.S.P. 44063
More info: **www.ccic.co.za**

Puma Insurance Brokers

Cross Country
Insurance Consultants

SAVVA
SOUTHERN AFRICAN VETERAN & VINTAGE ASSOCIATION

Cross Country Insurance Consultants (Pty) Ltd
Underwritten by Renasa Insurance Company Limited
Cross Country is an Authorised Financial Services Provider 3954
Registration Number: 2008/013847/07 | VAT Number: 4020252203
Tel No: 011 215 8800 | Fax No: 011 476 8205 | website: www.ccic.co.za

**DIE 2023 SAVVA VETERAAN- EN NOAGTOER**
**8-12 NOVEMBER 2023**

6 April 2023

Dit is vir die **Model T Ford Klub** van Suid-Afrika baie aangenaam om die organiseerders van die **2023 SAVVA Veteraan- en Noagtoer** te wees. Die toer vind in die Paarl/Wellington-area plaas en wel vanaf Woensdagmiddag 8 November tot Sondagoggend 12 November 2023. Die toergroep sal al vier aande tuisgaan by Middelplaas Gasteplaas, **(GPS 33.6882° S 18.9683° O)** in die hartjie van die wynlande. Die reëlingskomitee vir die toer bestaan uit: Philip Kuschke, Phillip Rosser, Paul Hoogedoorn, Freddie Durow en Emil Kuschke, Harry Hayns en Adriane Denness.

Die 2023 SAVVA Veteraan- en Noagtoer, die Houwhoek Tydren asook die Fairest Cape Tydren vind binne een week plaas. Al drie hierdie tydrenne vind ook in dieselfde omgewing plaas. Deelnemers van ver kan dus drie tydrenne, die een na die ander doen.

Die organiseerders poog om ten minste 30 voertuie byeen te kry wat aan die toer sal kan deelneem. Die toer word beplan vir alle maak van voertuie wat vervaardig is voor 31 Desember 1930. **Let wel, dat motorfietse wat vervaardig is voor 31 Desember 1936 BAIE welkom is om ook deel te neem.**

Die beplande roete word tans op 650 km geskat. 'n Sirkel-roete vir elke dag van die toer word in die omgewing van Paarl, Wellington, Franchhoek, Villiers en omgewing beplan. Tydens hierdie toer sal ons verskeie interessante plekke besoek soos die Franchhoek Motormuseum en wynplase. Die asemrowende natuurskoon met sy pragtige passe sal beslis 'n hoogtepunt op toer wees.

Philip Kuschke en Harry Heyns is reeds hard aan die werk om vir ons 'n besonderse roetebeplanning te doen wat vele verrassings sal inhou.

Die orgaiseerders het dit ook goed gedink om 'n afbetaal-opsie aan deelnemers beskikbaar te stel. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 29 September 2023. Die totale koste, inskrywingsgeld ingesluit, kan in drie gelyke paaimente betaal word, met die finale bedrag, betaalbaar op 29 September 2023.

U word vriendelik versoek om die inligting, asook die aangehegde inskrywingsvorm aan alle belangstellendes deur te gee.

U is ook welkom om vir **Philip Kuschke te skakel by 082 856 5152** of per e-pos by: **philipe.kuschke@gmail.com** vir enige verdere navrae.

PE KUSCHKE
**Voorsitter: Reëlingskomitee**

E E KUSCHKE
**President: MTFKSA**

**INSKRYWINGSVORM**

**VSRs**

**THE 2023 SAVVA VETERAN AND VINTAGE TOUR**
**8 -12 NOVEMBER 2023**

6 April 2023

It is a privilege for the **Model T Ford Club** of South Africa to host the **2023 SAVVA Veteran and Vintage Tour.** The tour will take place take place from Wednesday afternoon 8 November to Sunday morning on 12 November 2023 in in the Paarl/Wellington area. The participants will stay over at the Middelplaas Guest Farm **(GPS 33.6882°S 18.9683°E)** in the heart of the winelands. The organising committee consists of: Philip Kuschke, Phillip Rosser, Paul Hoogendoorn, Freddie Durow, Emil Kuschke, Harry Heyns and Adrian Denness.

The 2023 SAVVA Veteran and Vintage Tour takes place in the same week and area as the Houwhoek Rally and the Fairest Cape Rally. Participants travelling from afar can participate in all three events, one after the other if they wish.

The organisers are aiming to attract at least 30 vehicles to participate in the tour. The tour is open to vehicles of any marque manufactured before 31 December 1930. **Please note that motorcycles manufactured before 31 December 1936 are also most welcome to participate.**

The distance of the planned route is estimated to be about 650 km. A circular route is planned in the vicinity of Paarl, Wellington, Franschhoek and surrounds for each day of the tour. Participants will visit interesting places such as the Franschhoek Motor Museum and wineries. The magnificent scenery and beautiful mountain passes will also be a highlight of the tour.

Philip Kuschke and Harry Heyns are hard at work plotting a beautiful route for the tour which will include several surprises.

In order to ease the financial burden, the organisers have decided to introduce a pay-as-you-go option to participants. The total tour costs, including entry fees, can be paid in three equal instalments, with the final amount payable on or before 29 September. The closing date for the tour is 29 September 2023.
You are kindly requested to distribute the information as well as the attached entry form to all interested parties.

Please contact **Philip Kuschke on 082 856 5152** or by e-mail at: **philipe.kuschke@gmail.com** for any queries.

PE KUSCHKE
**Voorsitter: Reëlingskomitee**

E E KUSCHKE
**President: MTFKSA**

**APPLICATION FORM**

**VSRs**

# *Soms is dit makliker om totsiens te sé as ander kere.*

Daar is mense in ons almal se lewe en dan is daar ekstra spesiale mense in ons almal se lewe.

Die individue maak n verskil in die lewe deur hul opregtheid, belangstelling en optrede. **Brian Zechlin is een van die spesiales**.

Brian het diep spore getrap in die Karoo en sy mense se harte. Altyd reg met n storie of 6 van toentertyd tot nou wat almal aan die luister het met groot afwagting.

Sy briee kennis van alles in die lewe, nie net motors nie, is die groot trekpleister wat almal na hom toe aantrek. Hy is ook die man wat al vir jare sorg dat die ou kar manne (en vroue) van Beaufort-Wes bymekaar kom, die enjins bietjie laat loop en 'n lekker gesels sessie inwerk.




**Defnitief die gom wat ons almal bymekaar hou.**

Menigte aande laat is daar nog na Brian toe gery om een se kar reg te kry voor n outing more oggend.

Brian verhuis eersdaags na Montagu. So tussen sy pakkery deur sien hy nog kans om gou vir oulaas iemand se motor te diens.

Ons hier in die Karoo sal horn beslis mis, maar hy bly vir altyd deel van ons groep en vir altyd ons eie Burgermeester van die Groot Karoo.

Totsiens, maar nie vaarwel

**Karoo Groete**

**Suné Basson**

C & F MOTOR SPARES

# CARS IN THE PARK



Variety of Cars on Show

Food Stalls

## 1 MAY 2023

Kiddies Entertainment

Arts and Crafts Stalls

**Presented by the OFS Veteran Car Club**

## Martie Du Plessis School

## Time: 08:00-15:00

Toy Fair

BLOEMFONTEIN MODELMOTORS

**Tickets: R40 Adults**
**& R10 Children**
***under 10 free***

William & Casper Meubelvervoer

DUP'S TOWING

# WELKOM / WELCOME

## LYS VAN NUWE LEDE SUID-KAAP OUMOTORKLUB 2023

| | | |
|---|---|---|
| **Januarie** | **Clarence & Sarie Cloete**<br>1992 Toyota 1.6 Sport | **Mosselbaai** |
| **Januarie** | **Pat & Maris Ferraris**<br>1971 Ford Ranchero V8 LDV<br>1975 Rolls Royce V8 Shadow<br>2009 Mercedes Benz V8 SL63 AMG | **Gqeberha** |
| **Januarie** | **Morné & Lerryn Condon** | **Gqeberha** |
| **Januarie** | **Nols & Cathy Pienaar**<br>1967 Truimph TR4A<br>1973 Truimph TR6<br>2010 Alfa Romeo GT 3.2 V6 | **Hartenbos** |
| **Januarie** | **Clarence & Sarie Cloete**<br>1992 Toyota 1.6 Sport | **Mosselbaai** |
| **Januarie** | **Fred van Staalduiden**<br>1936 Hudson Terraplane<br>1956 Austin A30<br>2017 Ford Mustang | **Wilderness** |
| **Januarie** | **Corné & Tracy Vermeulen**<br>1966 Morris Pickup<br>1967 Ford F100<br>1979 Volkwagen Kombi | **George** |
| **Januarie** | **Donovan & Isabel Sweetman**<br>1982 Kawasaki Z1100<br>1992 Nissan 300ZX<br>1994 Chev Camaro | **East London** |
| **Januarie** | **Pierre & Wilma Malherbe**<br>1926 Ford Model T<br>1936 Bentley J Series | **Reebok** |
| **Januarie** | **Richard & Lieschken Alkemade**<br>1950 Chevrolet Delux | **Knysna** |
| **Februarie** | **Ben & Rita Visagie**<br>1982 Alfa Alfetia GTV<br>1988 Toyota Landcruiser | **Sedgefield** |

| | | |
|---|---|---|
| **Februarie** | **Asgar & Mohamed Rawoot**<br>1984 BMW 745i<br>1992 BMW 850i | **Cape Town** |
| **Februarie** | **Jakes Roos**<br>1963 Renault Gordini | **Jeffreys Bay** |
| **Februarie** | **Johann & Rose-Marie Roos**<br>1958 219 Mercedes-Benz<br>1961 220S Mercedes-Benz<br>1973 280SE Mercedes-Benz | **Hartswater** |
| **Maart** | **Des & Leonie Sinclair**<br>1981 280ZX Datsun | **Pienaarstrand** |

## BIRTHDAYS VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lede 'n gelukkige verjaarsdag en 'n gesonde jaar toe.
We wish the following members a happy birthday and a healthy year:

| | |
|---|---|
| 2 Apr | Gerrie Bezuidenhout |
| 2 Apr | Riaan Brand |
| 2 Apr | Magda Conrad |
| 2 Apr | Shaughneen Kruger |
| 4 Apr | Marlene Beyers |
| 5 Apr | MC Botha |
| 5 Apr | Pieter Coetzer |
| 6 Apr | André Kritzinger |
| 7 Apr | Leon Oelofse |
| 8 Apr | Lenie Stokes |
| 9 Apr | Tom Meiring |
| 10 Apr | Eugene Crous |
| 10 Apr | Magda Jacobs |
| 10 Apr | Kobus Swart |
| 10 Apr | Judy Meyer |
| 12 Apr | Roelf Vermeulen |
| 12 Apr | Bets Coetzee |
| 13 Apr | Hermann Mostert |
| 14 Apr | Ingrid Hewetson |
| 14 Apr | Ria Kasselman |
| 14 Apr | Lettie van Zyl |
| 15 Apr | Poena Le Grange |
| 15 Apr | Sep Serfontein |
| 15 Apr | Gesina Koch |
| 15 Apr | Japie van Rooyen Jnr |
| 16 Apr | Leonie Purcocks |
| 16 Apr | Susanna Theart |
| 19 Apr | Johan Duvenhage |
| 19 Apr | Quinton Nauschutz |
| 19 Apr | George van Zyl |
| 20 Apr | George Peach |
| 20 Apr | Magda Conrad |
| 23 Apr | Hannes Basson |
| 23 Apr | Hein Rust |
| 24 Apr | Jozua van der Merwe |
| 25 Apr | Yvonne Botha |
| 26 Apr | Alicia Mienie |
| 27 Apr | Calvyn Vlok |
| 28 Apr | Herman Neethling |
| 29 Apr | Rose-Marie Smit |
| 3 May | Gerald Coetzee |
| 4 May | Cornè Vermeulen |
| 4 May | Rossouw Labuschange |
| 6 May | Desire Lund |
| 6 May | James Swift |
| 6 May | Nols Pienaar |
| 7 May | Riaan van Niekerk |
| 8 May | Dawie Koch |
| 8 May | Sandra Bezuidenhout |
| 8 May | Jeanette Ellis |
| 9 May | Jacqueline Boshoff |
| 9 May | Charl Pretoruis |
| 10 May | Maryke Haasbroek |
| 12 May | Andrew Stroebel |
| 12 May | Rensche Kühn |
| 12 May | Aadam Engelbrecht |
| 12 May | Richard Alkemade |
| 14 May | Desmond Casey |
| 17 May | Ted Burden |
| 18 May | Marthinus Botha |
| 18 May | Albert Wiffen |
| 19 May | Peet Botha |
| 19 May | Mike Roumanoff |
| 19 May | Magretha Vlok |
| 20 May | Bob Hafner |
| 21 May | Anita Harris |
| 20 May | Johan van der Merwe |
| 21 May | Janetta Bellingan |
| 22 May | Johan Klue |
| 22 May | Waldo Scribante |
| 23 May | Susan Alexander |
| 24 May | Gerrard Hoek |
| 24 May | Fienie Halliday |
| 25 May | Anita Wright |
| 26 May | Donald Goldfain |
| 28 May | Marilyn Houseman |
| 30 May | Jan Enslin |
| 31 May | Dalene Oelofse |
| 2 Jun | Christof Olivier |
| 5 Jun | Franshelle Botha |
| 18 Jun | Ina Tayler |
| 7 Jun | Naas van Zyl |
| 8 Jun | Kevin Irwin |
| 9 Jun | Sybrand van der Spuy |
| 9 Jun | Evert Janse van Rensburg |
| 9 Jun | Shirlane Mostert |
| 10 Jun | Wilna Brand |
| 11 Jun | Johan Spies |
| 12 Jun | Aadam Engelbrecht |
| 13 Jun | Luther Niemand |
| 13 Jun | Wilma Malherbe |
| 14 Jun | Koos Alberts |
| 15 Jun | Stuart Cox |
| 16 Jun | Thinus Nel |
| 16 Jun | Mienke Strydom |
| 17 Jun | Ray Kretschmann |
| 17 Jun | Evelyn Rust |
| 20 Jun | Lerryn Condon |
| 20 Jun | Nico Janse van Rensburg |
| 21 Jun | Jaco Pretorius |
| 23 Jun | Wikus Terblanche |
| 23 Jun | At Weyers |
| 23 Jun | Martie Daines |
| 23 Jun | Rina Thompson |
| 24 Jun | Daniel Niewenhuis |
| 25 Jun | Lynette van Niekerk |
| 26 Jun | Jana von Steen |
| 28 Jun | Rene Hafner |
| 30 Jun | Petro Grobbelaar |
| 30 Jun | Omella Iacopini Snr |
| 30 Jun | Delia van Rooyen |

If your name is not here, your Identity Number is not on our records /
Indien u naam nie hier verskyn nie, is u Identiteitsnommer nie op ons rekords nie.




Garden Route Motor Club | Rotary Club of Knysna | THESEN HARBOUR TOWN | South African National Parks | MEDIA PARTNER KNYSNA-PLETT HERALD | TICKETS AVAILABLE ON webtickets AVAILABLE AT Pick n Pay




**KNYSNA MOTOR SHOW VEHICLE REGISTRATION**

P.O. Box 1749, George
Western Cape, 6530

Email info@scocc.co.za
Website www.scocc.co.za

# 2023 SCOCC EVENTS

## JANUARY

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/01/01 | Sunday | New Year' Champanje | Scribs BENZeum |
| 2023/01/07 | Saturday | Classic Cars & Coffee | die BENZ |
| 2023/01/29 | Sunday | Bonnet's up | die BENZ |

## FEBRUARY

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/02/07 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2023/02/10 | Friday | SCOCC Vet tour | Klaarstroom |
| 2023/02/11 | Weekend | SCOCC Geoge Old Car Show | EDEN Technical |
| 2023/02/12 | Weekend | SCOCC Geoge Old Car Show | High School |
| 2023/02/16 | Thursday | GOCS meeting | die BENZ |

## MARCH

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2021/03/07 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2022/03/19 | Sunday | Outing | |
| 2022/03/23 | Thursday | Technical/Garage evening | die BENZ |
| 2022/03/26 | Sunday | Bonnet's up | die BENZ |

## APRIL

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/04/11 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2023/04/22 | Sunday | Outing | Mosaic Market |
| 2023/04/30 | Sunday | Knysna Motor Show | Knysna |

## MAY

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/05/09 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2023/05/14 | Sunday | Outing | Mother's Day |
| 2023/05/18 | Thursday | Technical evening | die BENZ |
| 2023/05/28 | Sunday | Bonnet's up - Soup & Bread | die BENZ |

## JUNE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/06/03 | Saturday | SCOCC Anniversary | die BENZ |
| 2023/06/13 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2023/06/18 | Sunday | Outing | Father's Day |
| 2023/06/22 | Thursday | Technical evening | die BENZ |
| 2023/06/25 | Sunday | Bonnet's up | die BENZ |

# GEORGE OLD CAR SHOW

P.O. Box 1749, George
Western Cape, 6530

Email info@scocc.co.za
Website www.scocc.co.za

## 2023 SCOCC EVENTS

**JULY**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/07/11 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2023/07/16 | Sunday | Outing | |
| 2023/07/20 | Thursday | Garage evening | die BENZ |
| 2023/07/30 | Sunday | Bonnet's up | Potjiekos @ die BENZ |

**AUGUST**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/08/08 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2023/08/09 | Sunday | Outing | National Womens Day |
| 2023/08/18 | Thursday | Technical evening | die BENZ |

**SEPTEMBER**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/09/03 | Sunday | MBCSA Snoekbraai | Mossel Bay |
| 2023/09/12 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2023/09/21 | Thursday | Garage morning | Halfway Toyota |
| 21-25 /09/2023 | Weekend | SCOCC HeritageTour | |

**OCTOBER**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/10/07 | Saturday | Outing | Uniondale Show |
| 2023/10/10 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 20-22 /10/2023 | Weekend | Outing | Prins Albert Show |
| 2023/10/29 | Sunday | Bonnet's up | die BENZ |

**NOVEMBER**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/11/07 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |
| 2023/11/25 | Saturday | SCOCC AGM | die BENZ |
| 2023/11/26 | Sunday | SCOCC Yearend Party | die BENZ |

**DECEMBER**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2023/12/05 | Tuesday | SCOCC Committee meeting | Club house |

**JANUARY**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2024/01/01 | Monday | New Year' Champanje | Scribs BENZeum |

# SUPPORT OUR CLUB

SHOW THE WORLD THAT YOU ARE
PART OF THE SCOCC

## REGALIA PRICES

| | | | |
|---|---|---|---|
| T-SHIRTS MENS | R 180 | SHOPPERS | R 30 |
| T-SHIRTS LADIES | R 180 | SEW IN BADGES | R 20 |
| BUMPER BADGES | R 180 | SKOU SPELDE | R 20 |
| CAPS MEN | R 80 | BUMPER STICKERS | R 5 |
| LADIES VISORS | R 60 | LICENSE DISCS | R 5 |
| COFFEE MUGS | R 50 | | |



CONTACT
TILLY OLIVIER - 084 608 3384

THANK YOU FOR SHARING IN THE

# George Old Car Show 2023

Organisers of the **George Old Car Show** greatly appreciate the efforts of all individuals, businesses and organisations that contributed to making this year's event a seminal success. Heartfelt thanks are now due to all GOCS sponsors, stallholders, volunteers and, not least of all, the thousands of visitors who attended this year's 26th edition of the rip-roaring event.














PROTEA HOTEL. MARRIOTT King George

GEORGE THE CITY FOR ALL REASONS

we buy cars

MIDAS

GEORGE HERALD

CASTLE LAGER